City of Johannesburg

Stad Johannesburg

AFRICANA MUSEUM

Public Library
Telephone 33-7881

Openbare Biblioteek
Telefoon 33-7881

Please ask for/Spreek asseblief

Mev. L. de Wet

24 Junie 1961.

Mev. N. Sullivan,
P.K. BLOEMHOF,
TRANSVAAL.

Geagte mev. Sullivan,

Namens die Komitee wat die Africana Museum beheer, bedank ek u graag vir die stoof wat u skoondogter aan ons oorhandig het.

Dit is 'n uitstekende geskiedkundige stuk van groot belang en ons is trots om dit in ons Museum te kan bewaar. Ek het opgeteken dat dit oorspronklik aan Jan Bezuidenhout van die Slachter's Nek rebellie van 1815 behoort het, en dat dit deur sy dogter Debora de Beer, wat saam met die Retief familie getrek het, na Natal geneem is. Toe sy by Blaauwkrantz vermoor is het Debora Retief later die stofie in haar wa gevind en dit na Potchefstroom geneem. Daar het dit gebly totdat dit aan 'n nakomeling van die Bezuidenhouts (wat op Bloemhof woon) oorhandig is.

U ruimhartigheid word hoog op prys gestel en ons is besonder bly om 'n ou familiestuk van die Bezuidenhout-familie te ontvang.

Die uwe,

P M Speight

(MEJ.) P.M. SPEIGHT,
WAARNEMENDE DIREKTRISE

LdeW/PJAR/RPB